16 Oktober 1836 ontvang Paul Kruger, toe so pas elf jaar oud, sy eerste vuurdoop. Hy aanskou ook later die moordtonele by Bloukrans en Moordspruit. Saam met Potgieter verhuis die Krugers in Desember 1838 na Wes-Transvaal.

In die distrik Rustenburg het Paul Kruger die plaas Waterkloof uitgesoek waar hy sedert 1841, met die uitsondering van kort tussenposes, vir ongeveer 30 jaar gewoon het. In 1842 is hy met 'n Vrystaatse nooi, Maria du Plessis, getroud. Kruger het die vertroue van sy medeburgers gewen en in dieselfde jaar is hy as Assistent-veldkornet vir sy wyk gekies.

In 1845 vergesel Kruger sy vader na die oostelike Transvaal waar die dorp Ohrigstad gestig is. Menige jagavontuur het hy hier meegemaak. Hy beweer self dat hy gedurende sy lewe tussen dertig en veertig olifante, vyf seekoeie en vyf leeus geskiet het. By een geleentheid het 'n renoster hom byna verpletter. By 'n ander geleentheid het hy en 'n buffel wat hom bestorm het in 'n poel modderwater beland en in erg gehawende toestand van mekaar ontslae geraak. Op 'n keer het hy in die Ohrigstadse omgewing op 'n renoster gevuur; die geweer het gebars en die voorste deel van sy duim het in die slag gebly.

Toe die betekenisvolle jaar 1852 aanbreek, het Kruger, wat reeds die breedgeskouerde voorkoms van die latere President begin vertoon en oor besondere liggaamskrag beskik het, Veldkornet van die Rustenburgse distrik geword, 'n besonder belangrike amp vir daardie tyd. In dieselfde jaar vergesel hy Andries Pretorius met ongeveer driehonderd burgers na Sandrivier, waar die Sandrivier-Konvensie onderteken is.

Die moedige Kruger was op hierdie stadium egter nog nie bestem vir 'n politieke loopbaan nie; daarvoor was hy nog te jonk, te voortvarend en ietwat heftig van natuur. In die winter van 1852 vergesel hy kommandant-generaal Potgieter met 'n kommando om die Bapedi-kaptein, Sekwati, te straf vir veediewery. Skaars was hierdie sending agter die rug of die rustelose Kruger vergesel kommandant Scholtz op 'n strafekspedisie teen die Bakwena-kaptein, Sechele. In 1854 vind die Makapan-episode plaas. Kommandant-generaal Piet Potgieter is naby die ingang van die grotte waar Makapan en sy onderdane geskuil het, dodelik getref. Kruger het oor die verskansing gespring en ten spyte van geweervuur van die kant van die naturelle, die lyk van die groot swaar man na buite gedra. Dit was op hierdie tydstip, dit wil sê einde 1853, of begin 1854 dat Kruger verhef is tot Kommandant.

Hierna het Kruger met staatsake begin kennis maak. Hy was as gevolg van sy posisie as Kommandant gemoeid met die godsdienstige twis, het gehelp met die opstel van 'n konstitusie vir die Republiek en het 'n groot rol gespeel in die Burgeroorlog (1861-1864), waartydens die grondslag van sy toekomstige grootheid gelê is. Sy konstitusionele en ferme optrede tydens die stryd het hom die sentrale figuur in die Republiek gemaak. Reeds in 1863 is hy gekies as Kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek; 'n belangrike mylpaal in sy lewe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In 1858 ontmoet hy Rustenburg se nuwe predikant, ds. Dirk Postma, afkomstig van die Gereformeerde Kerk in Nederland. Hierdie predikant het Kruger se geestelike lewe baie verryk. In 1859 het die Gereformeerdes van Rustenburg, onder leiding van Kruger en ds. Postma, hulleself tot 'n aparte kerkgenootskap, onafhanklik van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die destydse Staatskerk, omvorm. Alhoewel 'n „Dopper", was Kruger altyd verdraagsaam teenoor andersdenkendes.

T. F. Burgers is in 1872 tot President van die Zuid-Afrikaansche Republiek verkies. Hy en Kruger, wat aangebly het as Kommandant-generaal, kon nie goed met mekaar oor die weg kom nie. Kruger was veral gekant teen Burgers se godsdienstige liberalisme. Dit is moontlik een van die redes waarom Kruger nie die veldtog teen Sekoekoeni in 1876 gelei het nie, maar wel Burgers self. In 1877 word die Transvaal egter deur Shepstone geannekseer en dit was die einde van die Burgers-regime.

Nou het Paul Kruger as die toekomstige President na vore begin tree. Soos in die verlede, sou hy sy volk deur 'n krisistyd lei. In 1877 is 'n deputasie onder leiding van Kruger (as lid van die Uitvoerende Raad) en dr. E. J. P. Jorissen na Londen ten einde die anneksasie ongedaan te maak. In 1878 vertrek hy op 'n tweede en soortgelyke sending na Londen. Niks word bereik nie en in Januarie 1879 het die deputasielede te Wonderfontein byeen gekom om verdere aksie in oënskou te neem. Op 8 Desember 1880 kom die burgers van Transvaal by Paardekraal byeen en word besluit om na die wapen te gryp om 'n einde aan die onregverdige anneksasie te maak. 'n Voorlopige regering onder die sg. Driemanskap word gevorm, bestaande uit Paul Kruger (die leier) as Vise-president, Piet Joubert as Kommandant-generaal en oud-president M. W. Pretorius. By Laingsnek, Ingogo en Majuba word die Engelse beslissend verslaan en die Transvalers het hulle Republiek terug, alhoewel onder susereiniteitsregte van die Britse regering.

In die begin van 1883 word Kruger met 'n oorweldigende meerderheid verkies tot Staatspresident van die Republiek. Moeilike jare het voorgelê: jare van uitbouing van die Republiek, maar ook van stryd teen die nuwe imperialisme van Brittanje wat graag die hele suidelike Afrika onder Britse heerskappy wou plaas. Veral na die ontdekking van goud in 1886 aan die





Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Witwatersrand, toe vreemdelinge op Johannesburg begin toesak, het 'n nuwe interne vraagstuk, naamlik dié van die Uitlanders, met hulle eise (veral om stemreg) en griewe, na vore getree.

President Kruger se groot teenstander was die geldmagnaat Cecil Rhodes. Dit was 'n stryd tussen die imperialisme (van Rhodes en ander) teen die nasionalisme van Kruger. Laasgenoemde moes alles in die stryd werp vir die behoud van sy Republiek. Maar die Wingerd van Nabot was 'n begeerlike buit en die Republiek is sistematies ingesluit en soos in 'n ystertang deur Britse gebied omring.

Kruger het die land noord van die Limpopo opgeoffer ter wille van die moontlike verkryging van 'n onafhanklike seehawe aan die Ooskus, maar ook dít het 'n ydele droom gebly. Om kontak met die blouwater te verkry, sonder om afhanklik van Britse hawens te wees, is die Pretoria-Delagoabaai-spoorweg, die sg. Oosterlyn, op 1 Januarie 1895 vir verkeer oopgestel. Maar die Republiek is ook nou in die internasionale politiek betrek. Portugal, Duitsland en Engeland het almal belange in suidelike Afrika gehad. Die verhouding Engeland-Duitsland was stroef en die spanning is verhoog deurdat Kruger die vriendskap van Duitsland gesoek het. Op 26 Januarie 1895 woon die President 'n feesmaal ter ere van die verjaarsdag van die Duitse Keiser, Wilhelm II, by en steek 'n toespraak af wat nie as oordeelkundig beskou kan word op 'n tydstip toe die verhouding tussen Engeland en Duitsland reeds gespanne was nie.

Einde 1895 volg die Jameson-komplot waarin selfs hooggeplaaste Britse staatslui betrokke was. Dit was egter nie 'n geleë tyd vir Rhodes om 'n inval in die Transvaal te loods en op die daadwerklike steun van die Uitlanders staat te maak nie. Die inval het misluk en Kruger het groter internasionale aansien verwerf. 'n Telegram van gelukwensing van die voortvarende Duitse Keiser aan Kruger was egter niks meer as 'n gebaar nie en het die Republiek onder die wanindruk gebring dat hy in die toekoms op Duitse steun teen Engeland kon reken.

Na die inval het die spanning tussen Kruger en die Britse Minister van Kolonies, Chamberlain, toegeneem. Laasgenoemde het die saak van die Uitlander-stemregeise opgeneem en 'n dépêche-oorlog tussen dié twee staatsmanne het gevolg. Briewe het soos konfetti op Pretoria, die Republikeinse hoofstad, neergereën. Boonop het die stryd tussen Pretoria (wat die Regering en Boerevolk verteenwoordig het) en Johannesburg (waar die Uitlanders gekonsentreer was) voortgeduur. Die wolke het begin saampak en 'n oorlog het onvermydelik blyk te wees. Boonop was die President nie geskoold in die internasionale politiek nie. In hierdie verband was dr. W. J. Leyds altyd sy regterhand.

Die koue oorlog het voortgeduur en die President het opmerklik oud begin lyk. Om alles te kroon kom die vyandiggesinde lord Milner in 1897 as Hoëkommissaris na Suid-Afrika. Op 10 Februarie 1898 word Paul Kruger vir die vierde agtereenvolgende keer as President verkies en op 31 Mei 1899 ontmoet hy en Milner mekaar op Bloemfontein. Laasgenoemde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het feitlik op oorlog afgestuur en Kruger het dit geweet. Droefgeestig het hy van die mislukte konferensie na Pretoria teruggekeer.

Die oorlogswolke het verder saamgepak: meer Britse troepe het na Suid-Afrika gekom, die omsingeling van die Republiek was voltooi en die staalband om Transvaal sou nou meedoënloos nouer getrek word. Al uitweg was 'n ultimatum, wat op 5 Oktober aan die Britse Gesant, Conyngham Greene, oorhandig is. Dit het hoofsaaklik gegaan oor die verwydering van Britse troepe. Op Woensdag, 11 Oktober, het elke Landdros in die Republiek 'n telegram ontvang met die woord: OORLOG.

In Mei 1900 het Johannesburg oorgegee. Die vyf-en-sewentigjarige President, wie se gesondheid reeds veel te wense oorgelaat het, het Pretoria verlaat. Op 10 Oktober 1900 het hy te Lourenço Marques sy vyf-en-sewentigtse verjaarsdag herdenk. Met die Nederlandse skip, die Gelderland, het die President op 23 November die hawe van Marseille binnegevaar. Na vele omswerwinge het die President sy intrek geneem in 'n huis te Clarens, Switserland. Intussen het die bedroewende nuus gekom: sy vrou is op 20 Julie 1901 oorlede en die twee Republieke is op 31 Mei 1902 te Vereeniging begrawe.

Sy „Laaste Boodskap" is deur sy ou regterhand, dr. W. J. Leyds, bewoord. Dit was sy „politieke testament" en is die laaste dokument wat deur homself onderteken is. In die vroeë oggendure van Donderdag 14 Julie 1904 het die President sy laaste asem uitgeblaas nadat hy sewentien jaar geregeer het en in die nege-en-sewentigste jaar van sy lewe was. Die stoflike oorskot is na Pretoria, sy geliefde hoofstad, gebring. Op 16 Desember 1904 het die plegtige teraardebestelling in die Ou Kerkhof te Kerkstraat-Wes, Pretoria, plaasgevind.

. . . . Op Krugerdag 1954 het sy standbeeld, skepping van die beeldhouer, Anton van Wouw, omring deur sy vier brandwagte, sy regmatige plek ingeneem op die Kerkplein van die Krugerstad — 'n monument vir die verre nageslag.

— Dr. J. I. RADEMEYER.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

★

# *STAATSPRESIDENT C. R. SWART*

CHARLES ROBBERTS SWART is op 5 Desember 1894 op die plaas Morgenzon, distrik Winburg, O.V.S., gebore. Nog twee voormalige staatshoofde, president Marthinus Theunis Steyn van die Oranje-Vrystaatse Republiek, en hoofregter Jacob de Villiers, eenmaal Waarnemende Goewerneur-generaal van die Unie, was seuns van Winburg, asmede die Boere-generaal J. H. de la Rey.

Die jonge Swart was nog nie volle vyf jaar oud nie toe die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek het. Die ondervindinge van die oorlog het 'n diepe indruk op hom nagelaat. Een van sy pynlikste herinneringe dagteken uit die jaar 1904, toe twee Boere wat tydens die oorlog „National Scouts" geword het, in die kerk op Winburg belydenis van hul verraad gedoen en hul mense om vergifnis gevra het. Die smaad en verdriet van hul belydenis het mnr. Swart dwarsdeur sy lewe bygebly en hom daarvoor gehoed om ooit iets te doen wat hy nie met sy eer en sy gewete kon versoen nie. Nog 'n voorval uit sy jongelingsjare het hom die mensevrees laat verloor en hom gestaal om onder teenspoed en ramp aan sy volk getrou te bly. Dit was sy opsluiting in die gevangenis op Ficksburg in 1914, toe hy daarvan verdink was dat hy met die Rebelle in verbinding was. Van hom is op straffe van fusillering geëis om inligtinge oor die Rebelle te gee. Hy het geweier en gedoen wat reg was volgens sy beginsels. Die lesse van hierdie twee voorvalle het rigsnoere van sy lewe gebly.

Ofskoon die seun eers op sewejarige leeftyd skool toe kon gaan, het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hy die Matrikulasie-eksamen voltooi toe hy nog maar dertien jaar oud was, en nadat hy 'n jaar gaan werk het, die graad B.A. behaal voordat hy agtien jaar oud was. Hy het twee jaar onderwys gegee en daarna die graad Ll.B. met buitemuurse studie behaal onderwyl hy die amp van Sekretaris van die Vrystaatse Raad van Eksaminatore beklee het. In 1919 is hy as advokaat toegelaat en ook as Sekretaris van die Nasionale Party in die Vrystaat aangestel.

Reeds in 1920 het hy sy vuurdoop in die politiek deurgemaak toe hy as kandidaat vir die Provinsiale Raadsetel Bloemfontein-Wes, gestaan het. In 1921 het hy 'n reis deur die Verenigde State gedoen, in New York 'n kursus in die joernalistiek gevolg en 'n tydlank in Hollywood as filmakteur gespeel. In 1923 het hy Volksraadslid vir Ladybrand geword en was ses jaar lank die jongste lid van die Raad. Hy het, met 'n onderbreking tussen 1938 en 1941, Volksraadslid gebly totdat hy in 1959 as Goewerneur-generaal van die Unie benoem is. Ampte van die Volksraad wat hy beklee het, was Hoofsweep van die Nasionale Party en later Leier van die Raad. Die onderbreking van sy lidmaatskap was die gevolg van die politieke samesmelting tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party. Hy het nie daarmee saamgegaan nie, maar die sogenoemde „Gesuiwerde" Nasionale Party getrou gebly en dit uit die neerlaag met andere weer opgebou totdat dit in 1948 die algemene verkiesing gewen en landsregering geword het, waarin adv. Swart van 1948 tot 1959 Minister van Justisie was, en in die laaste jare ook Adjunk-Eerste Minister. Van 1940 tot by sy uittrede uit die politiek was hy Leier van die Nasionale Party van die Vrystaat en ampsdraer in die uniale bestuursliggame van die party, asook direksielid van die Nasionaalgesinde persmaatskappye, die Nasionale Pers en die Voortrekkerpers.

Toe hy hom die eerste keer as kandidaat vir 'n Volksraadsetel aangemeld het, het adv. Swart sy kiesers meegedeel dat hy republikein is en hom vir die verkryging van 'n republiek sal beywer. Hierdie strewe het hy deur moeilike omstandighede gehandhaaf totdat die lewenstaak wat hy hom ten opsigte hiervan gestel het, op 31 Mei 1961 bekroon is met sy inswering as eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

Onder die groot hoeveelheid werk wat mnr. Swart as Minister van Justisie gedoen het, kan die volgende genoem word: afskaffing van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

appèl na die Britse Geheime Raad; die instelling van streekhowe; die herstel van die benaming landdros; die verbod op sportpoele; die wette op ontug, veediefstal, aparte geriewe en die onderdrukking van die Kommunisme, asook die wette op openbare veiligheid en strafregwysiging, waardeur die versetsbeweging die nekslag gekry het. Hy het tewens 'n nuwe bedeling vir die polisie en die gevangenisdiens ingelui. Die regterlike eed van gelyke en onpartydige regspraak is in ere herstel; die kenbronne van die Romeins-Hollandse reg, wat deur die toepassing van Engelse reg van liewerlee al hoe meer op die agtergrond gedring is, is vir die regsberoep toeganklik gemaak; en adv. Swart het ook voorsiening gemaak dat wette wat nog in Nederlands opgestel was, in Afrikaans oorgesit word.

Hy het hom vir die Afrikaanse taal, kultuur en volksake sy lewe lank ingespan. Reeds in 1913 het hy sy eerste toespraak ter verdediging van die Afrikaanse taal gelewer en 'n taalfees georganiseer. Hy was medestigter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge en die Voortrekkers, asook dryfkrag agter die aankoop van Voortrekkerleier Sarel Cilliers se woonplaas, Doornkloof, vir die Vrystaatse Voortrekkerbeweging. Die Voortrekkers het hom met die Ere-orde en 'n Erepenning vereer. Hy het die nakoming van tweetaligheid deur Provinsiale Administrasies en Stadsrade verpligtend gestel. As die eerste Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het hy geld bewillig vir navorsing oor die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog. Verskeie universiteite het eredoktorsgrade aan hom toegeken; hy is benoem tot erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; en vir sy alma mater het hy hom deur die jare heen dermate beywer dat hy tot Kanselier van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gekies is.

Beginselvastheid, doelgerigtheid, vriendelikheid teenoor mede- en teenstanders en 'n vrolike hart is die vernaamste karaktertrekke van president Swart. Dit het hom bemind gemaak en allerweë agting gewek.

Hy is op 2 Desember 1924 getroud met Cornelia Wilhelmina de Klerk, 'n Winburgse dogter. Hul kinders is Dalena (mev. J. G. Visser) en Herman. Daar is talryke kleinkinders. Seun Herman is boer. Daarin aard hy na vader en moeder, wat tot vandag toe hul gelukkigste dae het wanneer hulle op hul plaas De Aap, naby Brandfort, kan wees.

— JANNIE KRUGER.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



C.R. Swart

S.P.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig: 22 Maart 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Association Old Pretoria**
(Founded: 22 March, 1948)

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR: EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — RAADSLID/COUNCILLOR — *Honorary President*
J. F. BECKER
DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA/THE MAYOR OF PRETORIA
*Voorsitter* — DR. N. A. COETZEE — *Chairman*
*Ondervoorsitter* — PROF. DR. P. C. COETZEE — *Vice-Chairman*
*Penningmeester* — DR. G. RISSIK — *Treasurer*
*Sekretaris* — ADV. D. G. VAN DER BIJL — *Secretary*
*Hulpsekretaris* — PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES — *Assistant Secretary*
*Redakteur* — MNR./MR. H. M. REX — *Editor*
*Argivaris* — DR. M. C. VAN ZYL — *Archivist*
*Bykomende Lede* — PROF. DR. F. C. L. BOSMAN — *Other Members*
MNR./MR. C. A. CILLIERS
MNR./MR. J. H. HATTINGH
MNR./MR. J. P. LOTZ
MNR./MR. W. S. RORERTSON
MNR./MR. E. DE V. STEGMANN

*Redaksiekomitee/Editorial Committee*: DR. N. A. COETZEE, MNRE./MESSRS. H. M. REX & W. S. ROBERTSON & PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES

*Bydraes moet asb. gestuur word aan*: Mnr. H. M. Rex, Kerkargief, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria.

*Contributions to be sent to*: Mr. H. M. Rex, Kerkargief, Dirk van der Hoff Building, 224 Jacob Maré Street, Pretoria.

VICTORIA DRUKKERY, SWEMMERSTRAAT 504, GEZINA, PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services